Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 14



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Waar die Kranse antwoord gee.

U goedheid, Heer, is hemelhoog;
u waarheid tot die wolkeboog;
u reg sal nooit begewe
maar staan soos berge vas van voet;
u oordeel is 'n diepe vloed;
U sorg vir al wat lewe

Psalm 36:2.

Is dit nie waaraan 'n mens dink as jy na die berg-foto op ons buiteblad kyk nie? Hierdie mooi opname is diep in die Drakensberg in Natal geneem deur die S.A.S. en H.-tydskrif.

REËN

Die reën val in die nag
in die dal tussen donker berge;
jou hare en jou hande is sag,
maar waar, waar moet ek my berg
in dié laaste, verwilderde nag
wanneer die hitte die oormag
sal verkry oor alles wat bestaan
en die dood en die vlamme ons wag —
nou kan ek nog wel by jou skuil,
maar hoe sal dit wees in dié nag
as die winde soos wolwe huil
en die ewige vierskaar ons wag?
o God! Staan ons by in die einde;
onsself is sonder krag.

Vry verwerk na die Nederlands van H. Marsman.

VREDE

Die Engele het met Jesus Christus se geboorte vrede op aarde aangekondig.

Hierdie vrede is nié 'n wens nie, maar 'n feit. Die vrede is . . . en wie sal stry as God so sê?

U praat van al die oorloë en haat en onrus van gister en vandag en môre. Ons laat die antwoord op dié vraag vir 'n wyle, om eers te verstaan wat die engele onder "vrede op aarde" verstaan het.

Die Bybelse verklaring van vrede, sowel in die grondwoord as in die gebruik daarvan, beteken: om te versoen. Dit word telkemale gebruik as teendeel van verwarring. Vrede is daarom die herstel van orde, die heelmaak van geskonde verhoudinge en die toestand van harmonie.

Christus het gekom — en nou is daar vrede.

Vrede vir die skepping want die disharmonie van die sonde is reggestel.

God is met die wêreld versoen, die breuk tussen hemel en aarde is heelgemaak, die breuk tussen God en mens is oorbrug. Die verwarring van die sonde is oorwin en die orde is herstel. Die mens kan sy oorspronklike bestemming weer bereik. Mens en mens kan mekaar weer vind want die liefde is geopen vir mense wat wil haat.

Waarom al die oorloë?

Juis omdat die Vrede die strydpunt in die wêreld geword het. Die ryk van die Vrede het in Christus gekom en die Ryk van die Sonde verteer sy krag onder die Satansheerskappy om dié Vrederyk te boikot en te beveg. Nasies vermoor mekaar en koninkryke kom en gaan . . . Maar:

> "God, die Heer, wat sy gedugte stoel
> bo sterre stig,
> sien van sy hoogtes neer.
> Hy lag en spot dat hul
> so vrugteloos woel"

Want die Vrederyk het gekom. Steeds verder en verder dein dit uit. Die getalle word vol!

Straks is die voltooiing daar . . . vrede op aarde het gekom om te bly en by die voortgang van die jare word dit voller en voller totdat dit op een onbekende môre skielik finaal sal wees.

Het ú dié vrede gevind?

W.J. de Klerk

Is u 'n Spelbreker?

Onthou u hulle?

Die outjies wat nooit wou saamspeel nie. As die seuntjies wegval met bok-bok of kennetjie, ruiterbal of blikaspaai, dan het hierdie meneertjies eenkant teen die muur bly staan met 'n eenkennige houdinkie van raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. Hoe meer die ander soebat, hoe meer is hul in hul vernaamheid gestreel.

Vervelig nè?

Sulke klein neusoptrekkerige spelbrekertjies. Later het 'n mens hulle weer teëgekom. Toe was ons al 'n jongklomp. By die pieknieks het ons daardie dae tiekie gedraai dat dit 'n aardigheid was — om van siembamba en koljander-koljander nie eens te praat nie.

En hulle?

Nee, hulle het eenkant bly staan. Verveelde uitdrukking op die gesig. En of iemand nou 'n maat kortkom — jy kan hierdie eenkennige broeders blink lek — saamspeel sal hulle nie. Eindelik het ons groot geword. Die lewe is dodelike erns. Elke dag stel sy eise. Kerk, volk, maatskappy het manne en vroue nodig wat nie net vir hulleself lewe nie, maar wat bereid is om te offer, te gee, saam te werk.

In elke samelewing is daar die prag-figure wat die geheim ontdek het dat 'n mens se waarde nie gemeet word aan wat jy vir jouself werd is nie, maar daaraan of jy bereid is om in diens van God se koninkryk jou kragte vir kerk, volk en maatskappy te gee. Ek bedoel nie daardie manne en vroue wat uit ontvlugtingsdrang uit hul ongelukkige huise die samelewing invaar en so besig is om ander se kinders op te voed dat hul eie kinders naderhand voorwerpe vir die Departement van Volkswelsyn word nie.

Ek bedoel gewoon diegene wat hul regmatige plig teenoor die samelewing ken en nakom. Maar dan is daar ook die spelbrekers. Kerklike, godsdienstige, maatskaplike, politieke spelbrekers.

Jesus het hulle van kop tot tone beskrywe: Hulle is net soos kinders wat op die mark sit en na mekaar roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie gehuil nie — Luk. 7 : 32.

Spelbrekers — hulle is soos rook vir die oë en soos asyn vir die tande.

Is u een van hulle?

B.

Die seën van die Here - daarvan hang alles af

U kan maar gerus alles wat u in hierdie stukkie gelees het, vergeet, as u net hierdie een stelling sal onthou: sonder die seën van die Here is alles tevergeefs.

Toe Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy sy hande uitgebrei en sy dissipels geseën. Wat beteken dit eintlik? Dit beteken soveel as: God is met julle. Die seënende hande van Jesus is vandag nog uitgebrei oor almal wat Hom liefhet en dien. Hoe gouer u dit besef, hoe beter vir uself: sonder die seën van die Here is u arbeid, u dagtaak, kortom u hele lewe een groot mislukking en uself 'n ronde nul.

U mag R600 per maand en meer verdien — dit sal u uiteindelik tot geen voordeel strek nie! Ek ken skatryk mense wat doodongelukkig is! Dink maar aan die miljoenêr wat elke dag aan 'n tafel oorlaai met koningspyse aansit, maar weens swak gesondheid omtrent nie sy mond aan die kos kan sit nie! Wat skeel daar? God het die seën van gesondheid aan hom ontsê!

U mag weens u harde arbeid hoog gestyg het in die samelewing, 'n bestuurderspos beklee met die aansien wat daarmee gepaard gaan. As u nie ryk is in God nie (d.w.s. as u nie deur 'n waaragtige geloof in Jesus Christus die skatte van genade wat God skenk, besit nie) is u in werklikheid straatarm en verdien u die titel: Ryke dwaas.

Ekskuus as ek u te kaalkop aangespreek het, maar nou weet u ten minste waar u staan. En laat ek u nog dit sê: die mense van die kerk ken so-iets as waaragtige arbeidsvreugde. God het selfs aan hulle 'n arbeidslied gegee. Sondae sing hulle uit volle bors wat hul deur die genade in Christus gedurende die week ondervind:

> Wie deur Gods vrees bewoë,
> trou op die weg wil gaan
> waar hom Gods wil voor oë,
> en klaar geteken staan —
> die arbeid van sy hande
> sal hy met vreug geniet
> wanneer die koringlande
> met seën hul opbrings bied.
> (Ps. 128).

Het u nie lus om saam te sing nie? Ek is seker u het!

P.

JA? NEE?
OF
JA-NEE?

Die Verskynsel:
Byna op elke terrein van die lewe beweeg daar mense met die "ja-nee" houding. Hulle sê nie ja nie, en ook nie nee nie.

Op politieke gebied is die soort mens in die verlede draadsitters genoem.

Maar veral op godsdienstige gebied tref ons hierdie verskynsel aan. Teenoor die diens van die Here neem die mens geen besliste houding in nie. Hy beweeg op 'n pad so tussenin. Dit blyk dat hul getalle nog steeds toeneem.

Lamsak, ou maat, kom gee my jou hand, ons is mos burgers van Papbroekland.

Hier is vir Lamsak en sy maat 'n ontledende studie van hul kwaal: Ruggraatloosheid.

Die oorsaak:

Die "ja-nee" mens weier om 'n besliste houding in te neem. Vir die kerk en die diens van die Here wil hy nie ja en ook nie nee sê nie. Hy is bang om ja te sê . . . dit mag te veel van hom verg — die offers wat gevra mag word sal te veel wees. Aan die ander kant kan hy dit nie waag om direk nee te sê nie. Ons het dus hier nie net 'n lafhartige houding nie, maar ook 'n houding wat getuig van gebrek aan liefde, gebrek aan geloof, en 'n jammerlike gebrek aan moed en oortuiging. Die kerk kan met hierdie soort lidmaat niks uitrig nie.

Verder openbaar hierdie mens gewoonlik 'n gebrek aan kennis. Daar word nie moeite gedoen om wel iets te wees nie . . . dit is weer te veel moeite. Hierdie mens beweeg op die buitegrense van die kerk en die geloofslewe. Vir hulle geld veiligheid eerste . . . Daar moet net nie werk of offers van enige soort gevra word nie.

Daar mag ook ander dieperliggende sielkundige faktore wees, soos gebrekkige opvoeding, oorerflikheid. Maar alles dra daartoe by dat ons hier met 'n uiters gevaarlike lewenshouding te doen het.

Die Gevaar.

Aan die gemeente van Laodicea skryf die Here: Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Op die duur stel hierdie mens jammer teleur. Daar kan buitendien ook nooit op hom staat gemaak word nie. Jy weet nooit wat jy werklik aan die soort mens het nie. In die kerk werk die invloed van hierdie houding misleidend en verlammend. Daar kom van hom ten slotte niks tereg nie.

Hierdie houding hou nie net vir die kerk gevaar in nie maar ook vir die mens self. Dit maak die mens onbruikbaar vir alles. Vir die koninkryk van God is hulle op hierdie punt nutteloos en gevaarlik. Hulle staan in die weg van alle ware diens en bereidheid vir die saak van die Here. Hulle lê belemmering op die weg van hulle medemens. En indien hulle tot 'n konsekwensie gedwing word, val hulle oor na die verkeerde kant. Vir sowel die volkslewe as die kerklike lewe, beteken die ja-nee-houding niks as onheil nie. En indien hierdie gesindheid ongehinderd sy gang gaan beteken dit . . . uitgespuug word.

So 'n lidmaat is 'n remskoen in die kerk. Hy werk verlammend in op die aktiwiteit van die gemeente. En word hierdie gesindheid oorgedra op die kinders, gaan dit van kwaad tot erger.

Op hierdie pad word die een beginsel na die ander versmoor. Ook neem die gees van die wêreld met die soort lidmaat, die kerk in. Want 'n Christen tussen die boom en die bas is instrument in die hand van Satan. Hierdie mens breek God se werk af. Op een of ander manier moet opgetree word

om hierdie kwaad die hoof te bied.

Redmiddel:
Hoe gouer hierdie mens gedwing word tot 'n beslissing hoe beter. Die Here self doen dit eintlik deur sy Woord. God se Woord moet hierdie mens bring tot 'n besliste keuse. Die kerk het hier 'n groot roeping. Daar moet onbevrees opgetree word. Die getuienis van die kerk moet duidelik en ondubbelsinnig gehoor word. Die ware gelowige moet die voorbeeld stel.

Daarom moet die kerk optree met die liefde van Christus Jesus. Die tug moet as 'n redmiddel aanvaar en toegepas word. Deur voorligting en opvoeding, lering en onderwysing moet die nodige kennis van die waarheid ook tot die soort mens gebring word. Strenger toesig veral oor die kinders vir belydenisaflegging moet toegepas word.

Daar sal weer meer gelet word op die kwaliteit as op die kwantiteit. Die kerk moet nie vrees dat baie lidmate by die deure sal uitstap nie. Die Here sal sorg dat die regtes weer instap, en deur middel van sending en evangelisasie sal baie so tot die ware diens van die Here gebring word. Die kerk wat vir hierdie optrede nie terugdeins nie, sal nooit teleur gestel wees nie.

Aan die anderkant dwing God self ook die mens tot 'n beslissing. Hy beskik die omstandighede. Hoe nader die einde hoe meer sal die mens gedwing word om standpunt in te neem. In die tussentyd het elkeen van ons 'n roeping om deur woord en voorbeeld hierdie ja-nee-mens tot ontnugtering te bring. Tydig en ontydig moet ons ook vermaan en aanspoor. Met meer toegewydheid sal ons vir mekaar moet bid.

U en ek.

Ons het enkel probeer om in hierdie paar woorde u iets te laat verstaan van hierdie ontsaglike probleem, en ook ons roeping.

Mag dit ons ook dwing tot selfondersoek. Ook u en ek loop gevaar om te veel oor te neig na die ja-nee-houding. Dit is mos die maklike pad. Oënskynlik word ons deur die wêreldling op die hande gedra, maar diep in sy hart word ons verag.

In baie lande van die wêreld het die mens tot 'n beslissing moes kom. Daarom kry ons die beskamende voorbeeld dat baie kerke daar staan in die teken van groei en vooruitgang . . . nieteenstaande die brute en onbedekte vyandskap teen die kerk en die evangelie. By ons beweeg talle kerklidmate nog op die onnatuurlike middebaan. Dit sal egter nie so kan voortduur nie, en dit mag ook nie.

Daarom moet ons ook hier dink aan die woord van die Here vir die gemeente van Laodicea: Ek raai jou aan om van my te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

Die mens wat met Christus gekonfronteer word, beweeg nie meer op die tussenweg nie . . . dan word dit: Vir of teen.

L. J. Buys.

"Valse Getuies...?"

Christus het uit die dode opgestaan. Dit is die hart van die Christendom. Sonder dié feit is die Christene die ellendigste van alle mense. Indien Christus nie opgestaan het nie, berus die verwagting van die Christene op 'n leuen. Dan is die mense wat minder verwag en hulle daarop toelê om soveel moontlik uit hierdie lewe te haal, veel beter af. Dan kan ons maar gerus eet en drink en **vrolik** wees, **want** môre sterf ons. Dán is álles verby . . .

Kan ons enige bewysé aanvoer dat Christus opgestaan het? Of moet ons maar swig voor diegene wat sê: "Sien is glo ... "? Sê ons Christene nou maar daarteenoor: "Ja, ons het wel nie gesien nie, maar ons glo tog, en daarmee uit . . ? Ons het wel geen bewys nie, maar ons laat die geloof nie los nie, omdat ons nie daarsonder kan lewe nie'."

Oordeel onbevooroordeeld.

Hoe word 'n saak bewys? Getuies word geroep en aangehoor. Hulle getuienis word ondersoek. Onbevooroordeeld word feite noukeurig teen mekaar opgeweeg. Eindelik word die getuienis aanvaar of verwerp. Dagvaar nou die getuies, wat beweer dat Jesus opgestaan het en toets hulle getuienis noukeurig en onbevooroordeeld. Moenie vooraf standpunt inneem en sê dat u nie in wonders glo, en daarom kon Jesus nie opgestaan het nie. Dit is nie die weg om die waarheid van 'n bewering te toets nie. Deur bloot die getuienis van die Bybelskrywers as waardeloos, opsy te skuif sonder dat u dit getoets het, is oneerlik. Een van twee: dié mense is óf valse getuies óf hulle het 'n werklike feit aanskou. En 'n mens sê tog nie ligtelik dat 'n ander lieg as jy dit nie kan bewys nie. Veral nie as dit gaan om so 'n gewigtige saak waarmee miljoene mense se wel en wee gemoeid is nie. Wil u nie maar saam met my die bewerings van die getuies ondersoek nie?

Oor die vyfhonderd getuies.

Die apostel Paulus som die getuies soos volg op: "Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfas (Petrus) verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels; en laaste van almal het Hy ook verskyn aan my as die ontydig geborene". (I Kor. 15:3-8).

Kom ons ondersoek nou hierdie getuienis. Dit is die oudste skriftelike getuienis wat ons van die opstanding besit.

Dit is ook gegee onafhanklik van die getuienis van die vier evangeliste. Dit is ongeveer 2 7 jaar na die opstanding neergeskryf, en dit bewys dat die feit van die opstanding algemeen aanvaar is deur die hele kerk. Paulus self het dit geglo vanaf sy bekering ongeveer vyf of ses jaar na die opstanding. Ons het dus hier te doen met die getuienis van iemand wat in daardie tyd geleef het.
Samesweerders ?

Glo u werklik dat Maria, Petrus, Paulus, Johannes en die ander apostels samesweerders was en 'n bose leuen bedink het om daarop die kosbare evangelie van die liefde te baseer? Kan dit

verklaar word dat mense bereid sou wees om hulle lewe te gee terwille van 'n gefabriseerde leuen? Dat hulle valse getuies was en bereid sou wees om te sterwe eerder as om die leuen af te sweer?

Maar, kan u sê, het die apostels nie miskien maar aan sinsbedrog gely nie en hulle dinge verbeel wat nie werklik plaasgevind het nie? Sinsbedrog by 500 mense tegelyk? Sinsbedrog wat geduur het vir lang gesprekke en waarin hulle en Jesus saam geëet het? Sinsbedrog waarin hulle aan Hom gevat het en sy asem op hulle gevoel het? Sinsbedrog waarin hulle onderrig ontvang en sien hoe Hy opvaar na die hemel? Nee, dit lyk vir my ander mense ly aan sinsbedrog. Die apostels het waarlik gesien waarvan hulle getuig, of hulle is valse getuies. Leuenaars wat gelieg en terwille van hulle eie leuens die mees onmenslike martelinge moes deurmaak.

Dink u dat die christelike kerk vir 'n week sou kon voortbestaan indien die opstanding van Christus nie 'n werklike feit was nie? Na sy kruisiging was hulle klaar besig om van Hom en van mekaar los te raak. Hulle was verslae en teleurgesteld. Hulle kon nie glo dat Hy hulle bedrieg het nie en tog lyk dit so, want Hy is dood en begrawe. Indien Jesus nie opgestaan het en hulle opnuut saamgebind het nie, sou elkeen spoedig weer in sy werk gestaan het en Jesus net onthou het as 'n magtige profeet. Niks meer nie.

'n Deursigtige leuen.

Indien Hy nie opgestaan het nie, was dit baie maklik vir die vyandiggesinde Jode om dit te bewys. Hy was in 'n verseëlde graf met 'n soldatewag daaromheen. Binne 'n week kom die getuienis dat Hy opgestaan het. Hulle kon dit maklik weerlê deur aan twyfelaars die graf en die lyk te gaan wys. Die deursigtige leuen van die owerpriesters dat Jesus se liggaam deur sy dissipels gesteel is, was bloot 'n erkenning van hulle kant dat die graf leeg was. Die leë graf was die bewys dat die dissipels leuenaars was óf dat Jesus werklik opgestaan het. En nie alleen dit nie. Dan was Jesus self die grootste leuenaar en bedrieër wat op hierdie aarde geloop het.

Verloën jouself!

Ons weet waarom mense Jesus verwerp. Hulle verwerp Hom nie omdat hulle glo dat dat Hy 'n leuenaar is nie, maar omdat Hy te veel van hulle vra. Indien 'n mens in Hom glo beteken dit dat jou eie-ek moet sterwe.

Jy moet jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg. En dié eis is te swaar. Dit kos te veel om 'n volgeling van Jesus te wees. Dan beeld 'n mens jou maar in dat sy opstanding 'n onmoontlikheid is. Dan het jy tog 'n verskoning en bly jouself. Maar daarmee verloor jy ook Jouself want "elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind", sê Jesus. (Matth. 16 : 25.)

M. J. Booyens.

WEDERKOMS

Heer, duur dit lank nog voor U weer sal kom?
Leer ons soos kindertjies u koms verwag,
wat op hul vingertjies die langverwagte dag
aftel, wanneer Vader kom.

Leer ons soos kindertjies u koms verwag,
wat, hoe ook in hul spel gevange
beluister met 'n diep en sterk verlange
die eerste stap van Vader as hy kom.

Vry verwerk na die Nederlands
van
Berendien Meijer-Schuiling.

Drieërlei vlug... Drieërlei Genade

Jona ontvang 'n magtige opdrag van God: hy moet Nineve, sentrum van heidense godsdiens, kultuur, politiek . . . en sonde, tot bekering roep.

Maar Jona weier: om *politieke* redes, want hy sien Assirië as vyand van sy volk; om *godsdienstige* redes, want hy meen dat die saligheid net vir Jode toekom.

Daarom vlug hy vir sy goddelike opdrag.

Sy eerste vlug:

Op sy eerste vlug het Jona dit aanvanklik maklik. So gaan dit mos met die sonde . . . aanvanklik is die sondedaad maklik, lekker .. . later kom die ellende en skuldverwyt.

Nouja, Jona vind maklik 'n skip. In genade, want die storm dryf Jona nie weg — Suidwes-Spanje. Jona moet Ooswaarts, Nineve .. . hy vlug Weswaarts, Spanje.

Nooit kan 'n mens van God wegvlug nie! Dawid het hierdie waarheid besef toe hy uitgeroep het: "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?" Ek is verbaas dat Jona dit nie besef het nie . . .

In elk geval: spoedig sal hy dit ondervind; die loeiende wind en kolkende water wat die skip skielik aangryp, sê vir Jona: God het jou ingehaal. Jou vlug is 'n mislukking. Die oordeel van God tref jou.

Die storms in jou lewe is geen blinde noodlot nie. Dis die oordeel van God wat jou tref omdat jy vir die magtige God vlug!

En tog . . . hierdie storm van God is ook Jafo lê 'n skip wat spoedig na Tarsis vertrek in die dood nie! En so is God se storms in jou lewe ook nog genade, my vriend, want Jesus Christus is juis in die kolkende waters van God se toorn ingewerp om jou sondes ontwil.

God ontmoet jou op jou vlug niet sy genade in Jesus Christus.

Sy tweede vlug:

Jona besef nou: God het my ingehaal — maar ons lees niks van berou nie. Inteendeel: "Jona het na die onderste dele van die skip afgeklim, en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak".

Jona slaap. Dit is die tweede wyse waarop hy sy opdrag, sy God wil ontvlug.

Dit is byna ongelooflik om te dink dat 'n mens onder sulke omstandighede nog kan slaap: buite die tierende wind en skuimende golwe, op die skip magtelose gewerskaf, vloekende matroosmonde wat in radeloosheid bid en . .. Jona slaap! Ongelooflik, maar tog verstaanbaar, *want dis die slaap van die sondaarmens wat sy ore toedruk sodat hy God nie kan hoor nie.*

En tog. Weer eens is God genadig. God stuur die ruwe skeepskaptein om Jona uit sy slaap wakker te maak met 'n versoek wat die verskroeide gewete oopvlek: "Staan op, roep tot jou

God."

So kom God jou ook tegemoet, jy wat van God wegvlug in die slaap van die sonde, my vriend . .. nie deur 'n skeepskaptein meer nie, maar deur Jesus Christus met die dringende roep: Staan op, roep tot jou God.

In Jesus Christus is God selfs vir die diepste sondaar die hoogste Genade.

Sy derde vlug:

Jona is aan sy sonde ontdek . . . maar nog geen woord van verootmoediging nie. Eers as God dit so beskik dat hy deur die lot aangewys word, dan kom hy met die beskamende skuldbelydenis dat hy wegvlug van God . . . maar nog is daar geen begeerte om die wil van God te gehoorsaam nie.

Daar is nog net een moontlikheid oor: om finaal van die opdrag van God weg te vlug. . . deur te sterwe. Daarom antwoord hy hulle: "Neem my en gooi my in die see" — dit is sy derde, finale, vlug.

Maar ook hier — onpeilbaar is die liefde van God vir die sondaarmens! — kry ons die genade van God. God beskik 'n groot vis wat Jona insluk .. . om kom later op die droë grond uit te spuug.

So, my vriend, soek God jou in sy genade op. Jona, die skuldige, wat homself hier offer om die storm tot bedaring te bring, is beeld van Jesus Christus wat Homself skuldeloos in die stormwaters van die toorn van God oor ons sondes ingewerp het tot behoudenis van die sondaarmens.

My vriend, ook op jou derde vlug — die dood wat vir jou wag — ontmoet God jou in Jesus Christus met die oproep:

Vlug tot die kruis, tot Jesus Christus wat vir jou gesterf het.

Aanstons mag dit te laat wees . . . en as jy eenmaal die dood ingevlug het sonder Jesus Christus... dan is dit die finale vlug in die ewige verderf.

C. J. Malan.

VERTROULIK - NET VIR U!

Daar is 'n menigte geheime verbonde aan die gebed. Hier volg 'n paar van hulle:

Ek het jou gebed gehoor — 1 Kon. 9 : 3.

Die Here neem my gebed aan — Psalm 6:10.

Die gebed van die opregtes is Hom welgevallig — Spreuke 15:8.

Drie maal op 'n dag doen hy sy gebed — Dan. 6:14.

Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry — Markus. 11:24.

Bid sonder ophou — 2 Thess. 5:17.

Volhard in die gebed — Romeine 12 : 12.

Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag — Jak 5:16.